Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Moderatuurskantoor: Wes- en Suid-Kaap Sinode

Privaatsak X8
Bellville
7535

Tel: (021) 957-7202
Faks: (021) 957-7101/086-524-7117
E-pos: skriba@kaapkerk.co.za

16 Augustus 2010

Geagte Skriba

Maak asseblief baie seker dat elke leraar van die gemeente, sowel as die Voorsitter van die Kerkraad 'n afskrif van hierdie skrywe ontvang.

Die Voorsitter van die Kerkraad

SINODESITTING: 9 – 13 MEI 2011

1 Samuel 10:17 ***Daarna het Samuel die volk by Mispa na die Here toe geroep.***

Op 9 – 13 Mei 2011 gebeur iets hiervan in die kerk van die Here in Wes-en Suid-Kaapland by Goudini. Ons is oortuig daarvan dat die Here Sy kerk bymekaar roep om Hom te ontmoet. Kom ons bid vir 'n gesindheid van ootmoed en afwagting by elke gemeenteleier wat hierdie vergadering gaan bywoon.

U sal mettertyd meer spesifieke inligting ontvang oor die karakter en inhoud van die sinodevergadering. Intussen moet u asseblief noukeurige aandag aan hierdie skrywe gee sodat die formele reëlings betyds getref kan word.

Geloofsbrief

U gemeente se geloofsbrief moet teen **30 November 2010** by die skriba van die sinode wees. U word dus versoek om by die eerste kerkraadsvergadering die afvaardiging na die sinode aan te wys. Voltooi asseblief elke afdeling van die ingeslote geloofsbrief en stuur (pos, faks of e-pos) dit onverwyld terug aan die kantoor van die skriba nl.:

Marinda Finnemore	***Telefoon:***	***(021) 957-7202***
Privaatsak X8	***Faks:***	***(021) 957-7101 / 086-524-7117***
Bellville, 7535	***E-pos:***	***skriba@kaapkerk.co.za***

Samestelling van die afvaardiging

Hou asseblief die volgende in gedagte by die samestelling van die **afvaardiging**:

1. 'n Sinodesitting is 'n vergadering van gemeentes. Dit is dus 'n belangrike geleentheid waar die **leiers van gemeentes** bymekaarkom. U word aangemoedig om die werklike leiers in die gemeente vir hierdie afvaardiging te oorweeg.
2. Meer as 50% van die kerk se lidmate is **vroue**. (Hou dit spesifiek in gedagte dat ons strewe na geslagsgelykheid in die kerk, ook as dit kom by die samestelling van die afvaardigings.)
3. Dit sal goed wees as die **jong lidmate** van ons kerk ook goed verteenwoordig word. Oorweeg dit asseblief om jeugwerkers van gemeentes af te vaardig.
4. Alle **predikante** wat bevestig is in 'n gemeente (insluitend tentmakerposte en vasgestelde termynkontrakposte) word as predikante afgevaardig. Waar 'n predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken in sy plek afgevaardig word.

5. Vir elke predikantspos word 'n **ouderling/diaken** afgevaardig. Indien daar 'n predikantspos-vakature bestaan, word daar steeds 'n kerkraadslid (bo en behalwe die kerkraadslid in punt 6) afgevaardig.
6. Predikante wat egter as pastorale hulp of tydelike poste dien, en dus nie amptelik in die gemeente bevestig is nie, kan as ouderlinge afgevaardig word, maar nie as predikant afgevaardigde nie.
7. Vir elke afgevaardigde moet daar ook 'n **sekundus** aangewys word. Ouderlinge/diakens mag as sekundi vir predikante afgevaardig word.
8. Indien 'n afgevaardigde tydens die sinode vervang word deur 'n sekundus, moet hy/sy (t.w.v. akkommodasie reëlings) verkieslik deur iemand van dieselfde geslag vervang word. Dit beteken ook dat wanneer egpare afgevaardig word, hulle vir die hele duur van die sinode moet bly.
9. U word ook versoek om, indien enigsins moontlik, die afwisseling van afgevaardigdes sover moontlik te beperk. **Kontinüiteit** is van groot belang.

Selfone en e-posadresse

Die stemproses tydens die vergadering gaan elektronies, m.b.v. selfone (sms) geskied. Dit is dus belangrik dat elke afgevaardigde reeds nou al 'n **selfoonnommer** verskaf en ook daardie spesifieke nommer tydens die sinodesitting byderhand het. Afgevaardigdes sal vergoed word vir die koste wat hierdie stemproses meebring.

Ten einde kommunikasiekanale met die oog op die sinode optimaal te benut, word e-pos adresse ook op die geloofsbrief gevra. Dit sal met groot verantwoordelikheid aangewend word.

Verblyf

Omdat Goudini Spa nie vir almal formele slaapplek kan bied nie, word afgevaardigdes aangemoedig om van die pragtige woonwapark gebruik te maak. Afgevaardigdes wat daarom bereid is om hulle karavane beskikbaar te stel, moet dit asseblief so op die aangehegte geloofsbrief aandui. Dui ook aan watter/hoeveel persone bereid is om die karavaan te deel. Persone wat karavane beskikbaar stel, word vergoed teen **R125** per dag vir elke afgevaardigde wat in die karavaan geakkommodeer word.

Reiskoste

Die reiskoste na die sinode-vergadering sal vergoed word teen die heersende sinodale aanbeveling vir reiskoste. Let egter daarop dat die sinode slegs een voertuig per gemeente se reiskoste sal vergoed, behalwe as daar meer as vier afgevaardigdes is en daar noodgedwonge van meer as een voertuig gebruik gemaak moet word.

Baie dankie vir u samewerking.

Hartlike groete

Nelis van Rensburg

C JANSE VAN RENSBURG
SKRIBA

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SA:
GELOOFSBRIEF VIR SINODE

Gemeente: _____ Stigtingsdatum: _____

Adres: _____

Die kerkraad van bogenoemde gemeente het op sy vergadering van _____ 2010 die volgende afgevaardigdes aangewys na die vergadering van die sinode wat gehou sal word van 9 tot 13 Mei 2011 te Goudini:

Predikantsafgevaardigdes

	Titel	Voor-letters	Noemnaam	Van	Geslag (M / V)	☎	Sel no	E-pos
1								
2								
3								
4								
5								
6								

Kerkraadsafgevaardigdes: Primariuslede

	Titel	Voor-letters	Noemnaam	Van	Geslag (M / V)	☎	Sel no	E-pos
1								
2								
3								
4								
5								
6								

Kerkraadsafgevaardigdes: Sekunduslede (vir predikant- en primariusafgevaardigdes)

	Titel	Voor-letters	Noemnaam	Van	Geslag (M / V)	☎	Sel no	E-pos
1								
2								
3								
4								
5								
6								

Geteken: _____ _____ _____

Voorsitter **Skriba** **Datum**

Inligting ten opsigte van afgevaardigdes wat bereid is om 'n woonwa beskikbaar te stel

Persoon wat woonwa beskikbaar stel (titel, noemnaam en van) _____

E-pos (of posadres): _____

Telefoonnommer: _____ Selfoonnommer: _____

Inligting ten opsigte van afgevaardigdes wat in die woonwa/tent gaan bly:

	Titel	Voorletters	Van	☎ / Sel no	Gemeente
1.					
2.					
3.					
4.					